Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 25 Maart 2018 Jr. 7 Nr. 11
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Genade revolusie

Matt 13:31-33

Ons kan so maklik vasgedraai raak in die onstuimigheid van die land, ook in die kerk en gemeente, en in die proses vergeet om te droom oor hoe dinge kan lyk. Jesus se kruisiging en opstanding herinner ons dat die storie anders kan verloop as wat dit nou lyk. Paastyd nooi ons om te kom droom oor ’n ander werklikheid. Transformasie, alhoewel dit vir baie ’n negatiewe woord is, is ons kernbesigheid: Ons is deel van ’n helende transformasieproses waarin God die harte van mense en gemeenskappe verander.

Waarom kan ons dit bely: Die koninkryk van God is hier en die Drie-enige God is aktief besig. Ons is nie net besig om mense bewus te maak van die verlossing in Christus sodat ons eendag in die hemel kan wees nie. Ons vestig mense se aandag op die werklikheid van God se koninkryk en Sy aktiewe betrokkenheid in die lewe van mense en gemeenskappe. Ons is ook instrumente in God se hande wat hierdie Koninkryk van Hom sigbaar maak.

Ons leef en werk in ‘n genadelose wêreld, maar wat ‘n voorreg om juis in so ‘n wêreld tekens van God se genade op te rig en te wees. Hierdie tekens kan ‘n groot verskil maak. Jesus het die koninkryk vergelyk met ‘n mosterd-saadjie en suurdeeg – ‘n klein saadjie en bietjie suurdeeg maak ‘n groot verskil.

Ek is opgewonde oor die feit dat ek deel is van ‘n genade revolusie. Daarom bly ek droom . . .

Groot Lydensweek
Elke aand van Maandag tot Woensdag is ‘n diens om 19:00 in die Kapel en afsluiting Donderdag met *tenebrae.*

Datums:
26-28 Maart - Groot Lydensweek
30 Maart - Goeie Vrydag
6 Mei - Pinkster begin
10 Mei - Hemelvaart

Sondag 25 Maart

Palmsondag

Genade revolusie
Matt 13:31-33

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Danie Möller
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Syd Eaby
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
(Geen dissipelskapgroep)	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Uyavula Lees - en Skryfprojek

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - x+teV6ba

Goeie Vrydag 30 Maart

Nagmaal

08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Informeel	Lizette Louw

Sondag 1 April

Genade maak my vry
Rom 8:11-17

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Annalise Wiid - herstel na operasie
Andrew King - gehospitaliseer
Helene Swart - kanker
Corneille Barnard - herstel na knievervanging
Roenel Swart - ernstig siek

Wonderlike nuus: Mia Cara se beenmurg is skoon. Geen kanker meer in haar liggaampie. Die "T-cells" werk. Prys die Here.

Wat gebeur die week:

Maandag 26 Maart
19:00 Groot Lydensweek

Dinsdag 27 Maart
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel
19:00 Groot Lydensweek

Woensdag 28 Maart
Skole sluit
08:15 Bid in Kapel
19:00 Groot Lydensweek

Donderdag 29 Maart
19:00 Tenebrae

Vrydag 30 Maart
Goeie Vrydag (08:00 & 09:30)
Nagmaal

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Anke Barry - Suider-Strand
Hennie en Hannatjie van Zyl - Stellenbosch-Wes
Jaco Geldenhuys - Villiersdorp
Kian Mertz - Heidekoppie
Marlies Gallagher - Monte Vista

Kantoorure tydens skoolvakansie:

Woensdag 28 Maart tot 6 April is die kerkkantoor oop van 08:00—13:00

SOUL COFFEE

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank. Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

Tenebrae – Fees van die Ligte

Die groot hoogtepunt van die Groot Lydensweek, net voor Paasnaweek, is elke jaar die viering van Tenebrae – die Fees van die Ligte in die tent. Donderdag 29 Maart om 19:00.

Dan vier ons om die tafel die verlossing wat die Here Jesus vir ons aan die kruis kom bring het met pitabrood, olywe, olyfolie en wyn. Op 'n manier sluit ons daar aan by Jesus en sy dissipels toe hulle vir die laaste keer saam-geëet het. Daarna kom die treffende uitdoof van die kerse terwyl die lydensverhaal gelees word, totdat die Christuskers, heel laaste, ook geblus word. Niemand wat dit al beleef het, het nog ooit die Paasnaweek dieselfde ervaar nie.

Ons wil graag almal uitnooi om dit te kom bywoon, maar vra dat die kerkkantoor asseblief voor Woensdag 28 Maart geskakel (021-851 5582) sal word om te sê hoeveel mense sal kom, sodat ons genoeg wyn en eetgoed op die tafels kan hê.

‘n Storie van hoop, geleenthede en Sy genade

Uyavula Lees- en Skryfprojek
Augustus 2011 is die Uyavula Lees-en Skryfprojek geregistreer met die doel om bloot deur leesklubs in die middae na skool, die liefde van Jesus deur stories, boeke en geletterdheid na kinders te bring. En, om sodoende ‘n (klein) bydrae te lewer om die kinders se leesvermoë te verbeter. Ons het geen gedagte of droom gehad om *enigsins* by enige skool gedurende skoolure met lees-aktiwiteite betrokke te raak nie.

Vandag is die wonder dat Uyavula vrywilligers, behalwe vir vier middag leesklubs, ook by **vier skole** in **33 grondslagfase-klasse** stories voorlees en so leeslekkerte verskaf aan ongeveer 900 kinders. Die Here het dit in Sy wysheid laat gebeur en terselfdertyd kosbare vrywilligers voorsien; alles en elkeen op die regte tyd om in die groot nood in skole te voorsien - aan Hom die eer!

Die invloed van ellendige lewensomstandighede, die afwesigheid van ‘n leeskultuur, asook klaskamers wat arm is aan storieboeke, het baie nadelige gevolge vir die meeste kinders in ons gemeenskappe. Einde 2017 is die ontstellende bevindinge bekend gemaak, naamlik dat ***78%*** *van graad 4-leerders in Suid-Afrika nie met begrip kan lees nie*.

Sonder lees-met-begrip-vaardighede is akademiese vordering onmoontlik. Verskeie kundiges het daarop gewys dat hardop-voorlees (“read aloud”) bevorderlik is vir die verbetering van leesvermoë wat noodsaaklik is vir akademiese vordering.

In sy artikel, *South Africa reading crisis is a cognitive catastrophe”* maak prof John Aitchison die volgende stelling:
“The country now has generations who have been cognitively stunted because of a massive failure in its culture and educational provision. ***All South Africans are implicated if they don’t do their utmost to help people learn to read.”***

Al die uitdagings en nood, gee juis vir ons volop en heerlike geleenthede om ‘n verskil te maak. Deur betrokke te raak by die Uyavulaprojek kan elkeen van ons wat lief is vir lees, stories en kinders, help om die voordele van voorlees in kinders se lewens in te dra, die voordele is:

- Dit brei woordeskat uit;
- bevorder begrip;
- versterk verbeelding;
- brei ervaringswêreld uit;
- bevorder leesvermoë wat ook belangrik vir begrip en vaardighede in wiskunde is.

Ons nooi julle om ‘n verskil te help maak - as ons deur Sy genade een kind verander, verander ons ‘n generasie. Kom, raak asseblief betrokke by:

- Voorlees van stories in skooltyd vir ‘n klas;
- voorlees by ‘n Uyavula leesklub;
- donasies vir storieboeke en “readers” vir begin- en sukkel-lesers;
- skenking van netjiese storieprenteboeke (vir 5 tot 10 jariges);
- voorbidding vir: die Here se leiding in alles wat ons doen en gehoorsaamheid aan Hom, vir al die kinders en opvoeders in ons gemeenskappe, asook vir al ons kosbare vrywilligers

Hartlike dankie aan die gemeente en elke persoon wat op bogenoemde wyses waardevolle bydraes lewer.

Projekleier: **Adéle Botha**, delimypeli@gmail.com of 072 5422 563

Kom gesels met ons na die dienste in die Tent

Kinderevangelisasie vertel:

Die Bybelklubs het die jaar goed afgeskop en daar kon wonderlike lesse oorgedra word en verhoudings met kinders gebou word.

Saterdag 10 Maart het die tienerdogters van Beverley Hills, Strand en SLP onder leiding van Lea Luiten en Fiela Opperman die fliek "The Roar" gaan sien. Hulle het dit geweldig baie geniet en daar is in groepverband gesels oor hul roeping en doel in die lewe. Baie dankie aan die omgeegroep wat fondse geskenk het vir *popcorn* om die fliekervaring net lekkerder te maak.

Dan is dit ook wonderlik wanneer leidsters kan sien en belewe hoedat kinders groei in hul geloof en vertroue op die Here. So gebeur dit dat twee tieners wat oor jare heen in die klub en ook gedurende kampe onderrig is in die Woord en hoe om in hul persoonlike verhouding met die Here te groei, spontaan kom getuig. 'n Leidster vertel:

Cedric (15) het die afgelope week na my toegekom met ’n papier waarop ’n Bybelvers staan. “Tannie’, sê hy, ek het dit vanoggend gelees, en in die skool het ek skielik weer hieraan gedink”. Dit was ‘n Bybelversie uit Mattheus dat Jesus weer terugkom. Ek kon sien dit was op sy hart gewees en ons het dit nageslaan in die Bybel. Daardie aand het sy oupa (wat soos ’n pa vir hom was) gesterf. Dit was so mooi om te sien hoeveel troos Cedric gekry het uit die Bybel en hoe hy ervaar dat die Here met hom is.

Layberine (15) het sommer haar eie Bybelklub begin met die klein kinders. Sy klim die afgelope week Donderdag by my in die kar en ons ry Macassar Bybelklub toe. “Tannie, ek moes vandag ’n toets skryf, maar ek was so bang dat ek die antwoorde sou vergeet. Ek het gisteraand die heel aand geleer en toe vra ek by die skool ‘Here, help my dat ek alles sal onthou’. My brein het oopgegaan en ek kon alle antwoorde neerskryf. Na 30 minute was ek klaar waar die ander kinders ’n uur geskryf het. Ek het weer dankie gesê vir die Here omdat Hy my so gehelp het.”

Groete
Sus van Niekerk
(susvann@gmail.com)

#Imagine 2018

6 – 8 April 2018 in Mega Park, Bredasdorp
Sluitingsdatum vir inskrywings: **28 Maart** 2018
Koste: R570
Busvervoer beskikbaar: R175 (slegs beperkte plekke beskikbaar)
Bespreek aanlyn: http://bit.ly/imagine 2018 of Inskrywingsvorms beskikbaar by kerkkantoor
Navrae: Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za

Waar kan jy 'n verskil maak?

BADISA: Ons kerk (NGK en VGK) se helpende hand.
BADISA se naam is 'n woord wat uit drie ander woorde saamgestel is:
BA eerste twee letters van **ba**rmhartigheid;
DI **di**akonaat/**di**aconia/**di**ens
SA **sa**am

Toe ons die organisasie in 2003 gestig het, was dit 'n verwysing na die twee kommissies (NGK en VGK) waaruit **Badisa** se dienste ontstaan het. Ons het veel later uitgevind dat dit ook 'n Tswana woord is wat "herder" beteken.

Bid asb vir **BADISA Strand** se werksaamhede in die Helderbergkom.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*